**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# polsslag

Rom12:2

## Gereformeerde Kerk Benoni

30 Oktober 2016

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**GEMEENTE KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE

***OGGENDDIENS***
***09:00***
***Ds Louis Buys***

**Skriflesing:** Spreuke 7
**Teksvers:** Spreuke 7:6-8
**Tema:** Ons bestemming word deur ons rigting bepaal, nie deur ons voornemens nie.

---

***LOF – EN AANBIDDINGSDIENS***
***17:00***
***Dr. Braam Krüger***

**Skriflesing:** Matteus 5:38-42
**Teksvers:** Matteus 5:38
**Tema:** " 'n Oog vir 'n oog…"

---

***AANDDIENS***
***18:30***
***Ds. Louis Buys***

**Kategismus:** Sondag 32 vraag 38
**Skriflesing:** 2 Sameul 7: 12-22 & :28-29
**Teksvers:** 2 Sameul 1:18
**Tema:** Wie is jy?

**HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS**

## KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**VERWELKOMING:**

- Hartlik welkom aan Alwyn en Anna Faasen, en hul seun Alwyn(jnr.) wat met attestaat by die ons gemeente aansluit vanuit Amerika.

**GELUKWENSINGS:**

- Annerie, dogter van Harrie en Elbie Ligthelm het gister in die huwelik getree met Hein Terblanche.

Mag die Here julle huwelik ryklik seën.

**LIDMATE IN DIE HOSPITAAL:**

Die volgende lidmate was/is in die hospitaal:

- Bettie van den Berg met 'n bloeiende maagsweer.
- Oom Gideon Hall vir nierbehandeling.
- Bert van Krieken vir rugbehandeling
- Owen Shaw (jnr.) gaan Maandag 31 Nov. vir 'n operasie aan sy brein.
- Jan en Arina Lubbe se dogter, Arina se gesondheid het baie verswak weens lupus.

**TER APPROBASIE:**

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgehou as wyksleiers.

Paul Botes vir wyk B10
Nerine Oosthuizen vir wyk D18
Herman Boersma vir wyk D20
Lynette Wigget vir wyk D21
Quintin Nel om ouderling by te staan by wyk F28

Ons bid hierdie lidmate wysheid en insig toe met die oorweging van hul roepings.

**Het jy behoefte** dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan ook gebedsversoeke stuur 'na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

## DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | | LOKAAL |
|---|---|---|---|---|
| So. 30/10 | 08:00 - 09:00<br>09:00<br>17:00<br>Na oggenddiens<br>Na L&A diens | Gebedskamer<br>Peuter-kerk<br>Kooroefening<br>Katkisasie Gr 1-7<br>Katkisasie Gr 8-11 | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Tarina van der Merwe<br>Adri van Tonder<br>Adri van Tonder | Ou Moederskamer<br>Huis<br>Saal<br>Onderskeie lokale<br>Onderskeie lokale |
| Ma. 31/10 | 09:30<br>19:00 | Bybelstudie Rynpark 5<br>Kom vra jou vrae | Adri Goede<br>Braam Krüger | Rynpark 5<br>Kerkhuis |
| Vry. 4/11 | 05:30 - 06:30<br>05:00 - 06:00<br>08:30 | Gebedsgroep<br>Mannebyeenkoms<br>Bybelstudie met Braam | Donsie Krüger<br>Schalk van Eeden<br>Braam Kruger | Konsistorie<br>Saal<br>Konsistorie |
| Sat 5/11 | 08:00-14:00 | Victus Christi mark | Schalk van Eeden | Kergterrein |

## DIENSBEURTE

**TEESKINK**

Vandag: Wyk A2

**OUDERLING**

Vandag: Gerrie Kriek
6 Nov: Hennie Coetzer

**GKSA BEROEPENUUS:**

**BEROEPE ONTVANG:**

Dr G van Wyk van Vanderbijlpark Trinitas na Rustenburg

**BEROEPE AANVAAR:**

Proponent FG Lee (Hardus) na Derdepoort.

## GEMEENTENUUS EN DAGBOEKDATUMS

**KOM VRA JOU VRAE: ELKE LAASTE MAANDAG VAN DIE MAAND.**

Elke laaste Maandag van die maand, om 19:00 kan jy antwoorde kom vind en saam gesels oor jou bybelse– of geloofsvrae saam met Ds. Braam. Hier is 'paar lusmakervrae wat **31 Oktober** behandel gaan word:

1. Is die prent "Epic" 'n goeie prent om te kyk?
2. Plaas aborsie 'n "curse" op ons land?
3. Goed wat mense van my sê en/of oor my spreek, en wat ek oor myself spreek : Kan dit die lewe vir myself nog moeiliker maak?

Alle navrae kan aan ds. Braam Krüger gerig word op 082 459 5636 of per e-pos by braam@gkbenoni.co.za.

*Mag elkeen welklik die liefde van God hierdie week ervaar!*

**KOOR:**

Die koor oefen weer elke Sondagmiddag om 17:00 in die saal met die oog op die gemeente se kerssangdiens wat 13 November om 17:00 plaasvind.

Alle gemeentelede (**jonk en oud**) word uitgenooi om te kom saamsing tot eer van die Here.

Navrae : Tarina van der Merwe 083 785 5345

## DATUMS OM TE ONTHOU

- Victus Christi mark- 5 Nov
- Kerssangdiens- 13 Nov 17:00
- Palms afsluiting- 16 Nov 10:00
- Muntlegging - 27 Nov
- Song of Praise- 27 Nov 15:00
- Carols by Candlelight - 2 Desember 19:00

## VERJAARSDAE 23 - 29 Oktober

Baie geluk en mag ons Vader julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar!

| Dag | Naam | Kontak nr. |
|---|---|---|
| Di. 1/11 | Japie Booyens<br>Gusta Botes | 072 158 5122<br>083 383 2605 |
| Wo 2/11 | Reuben van der Merwe | |
| Do. 3/11 | Vernon du Raan<br>Derik van Niekerk<br>Corrie Yssel * | 063 035 9667<br>084 566 0004<br>082 578 4094 |
| Sa. 5/11 | Rohan Neuhoff<br>Owen Shaw # | 083 409 2805<br>082 575 1512 |

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

## SONGS OF PRAISE KERSFEES 2016

Datum: 27 November 2017
Tyd: 15:00
Plek: Gereformeerde Kerk Benoni.

Begin die kersseisoen met 'n onvergeetlike ervaring. Kom luister na en sing saam met die Cantare Jubiloso Koor, Johannesburg Orchestra (JFO) en M7 Ensamble koor, en Soliste Charlotte Killian, Nicholis Louw, en Kevin Leo onder leiding van die wel bekende dirigent Richard Cock. Die program is propvol energieke en opwindende Kersfeeswerke in engels en afrikaans met heelwat geleentheid vir die gehoor om saam te sing, en beloof om jou in die regte luim te sit vir 'n geinspireerde kersseisoen.
Kaartjie besprekings en aankope:quicket.co.za of kliek op die skakel op ons webtuiste gkbenoni.co.za of by die deure. Sitplekke sal genommer wees, en pryse wissel vanaf R130 tot R220, afhangende van waar jy kies om se sit. Koop jou kaartjies vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
Programme sal by die deur te koop beskikbaar wees.
Snoepie sal beskikbaar wees tydens pouse.

Navrae: Derik van Niekerk 063 354 9731



## ST JAMES, LESOTHO UITREIK

Dankie vir die volgehoue ondersteuning oor die afgelope jare. Ons volgende uitreik na Lesotho sal wees 25/26 November tot 30 November 2016. En daarna be-oog ons om oor die paasnaweek in 2017 weer te gaan omdat die behoefte so groot is.
Ons doelwitte is om die volgende saam te neem in November:

- Toetreksakkies/rugsakkies of kongressakkies (nuut of oud) vir skoolkinders,
- Kosblikkies en waterbotteltjies(oud of nuut) om in bg sakkies te sit.
- Bybels vir matrieks wat die dorp gaan verlaat. En ook vir gr 7 kinders
- Werksboeke vir laerskool kinders.
- Nie bederfbare voedsel en mieliemeel.
- Sokkerballe/netbalballe en n pomp.

Ondersteun ons asb met ope harte hierin deur goedere te bring en dit in houers te plaas in die voorportaal. Of donasies vir Bybels en werksboeke in die kerk se rekening te betaal met verwysing: "Lesotho".
Wil jy saamgaan?
Kontak **Helene Venter by 083 457 8861**.
Kry solank jou paspoort gereed.
Kinders is ook welkom om saam te gaan. Hoor by tannie Helenie wat kinders als nodig het om te kan gaan.

## CAROLS BY CANDLELIGHT
## WANNEER: VRYDAG 2 DES 19H00
## WAAR: GEREFORMEERDE KERK BENONI

Victus Christi en Pikkewyntjies kleuterskool bied 'n carols by candlelight aan op die 2de Des.ten bate van liefdadigheid. Ingang is gratis. 'n Heerlike aandete sal te koop aangebied word deur Victus Christi. Daar sal ook pannekoek te koop wees.
Daar sal ook van 19:00 tot 20:00vermaak vir die kinders wees.
Bring julle kampstoele en komberse saam, en kom geniet 'n familieaand uit onder die sterre, met jou gunsteling kersliedere.

## BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede week 23 Oktober 2016 se antwoord: 2 Kronieke 16: 7

" In die tyd het die siener Ganani na koning Asa van Juda toe gekom en vir hom gesê: Jy het gesteun op die koning van Aram , jy het nie op die Here jou God gesteun nie. Daarom het die leër van die koning van Aram jou ontglip.
Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy die kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou"

Die volgende bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Jan Lubbe; Gerda de Jager; Judy Greyling; Klein de Kock; Chrissie Pretorius;

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Toe die Amalekiete by ??????? teen Israel kom veg het, het Moses vir Josua gesê: "" Kies vir ons manskappe en gaanveg vir ons teen die Amalekiete. Dan sal ek op die top van die heuwel gaan staan met die kierie wat God my gegee het in my hand"" "

Vraag: By watter plek het die Israeliete die Amalekiete verslaan?

Lees gerus Eksodus en noem die naam van die plek en waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173

## KOLLEKTES
## 23 Oktober 2016

Diens van Barmhartighied: R 6940
Bybelverspreiding : R 1991
Lof– en aanbiddingsdiens: R 367

**Vandag:**

Onder die diens **:** Barmhartigheid
By die deure: Pro Ecclesia

**Volgende week:**

Kerkkas

## BEROEP OM HULP

Hannelie Bosch wat tans die klassie vir verstandelike gestremde kindertjies bestuur, het 'n visie om 'n graad R klassie in Actonville gratis aan te bied vanaf die Actonville kerkgebou om kindertjies in die Actonville gemeenskap skoolgereed te help kry vir graad 1.

Hoe kan jy help om haar visie 'n werklikheid te maak?:

- Deur te bid vir leiding en wysheid.
- Speelapparaat vir buite of skryfbehoeftes te skenk.
- Finansieel by te dra om 'n onderwyseres te kan bekostig.

Navrae voorstelle of aanbiedinge kan gerig word aan Hannelie Bosch op 082 560 7614.

## *KERKKANTOOR*

Kontak asb. Ina Bolt by die kerk-kantoor op 011 849 2054 of 084 339 1136 vir enige navrae, attestate of lief-en-leed aanmelding vir koördinering.
Kantoorure:
**Ma - Vrydae 9:00 tot 14h00**
Sondae vir 'n half-uur na die oggenddiens.



## GK-BENONI KERKKANTOOR URE:

Ma - Wo en Vrydae
09:00 –14:00 Ina Bolt
084 339 1136 / 011 849 2054

Donderdae 09:00 –13:00
Ronel Ritchie
081 218 3048

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

**Of SNAPSCAN:**

Barmhartigheid

Deur kollekte